
# LIEFDE LAAT JOU
# RICE KRISPIES ANDERS PROE




1. Hierdie prettige, romantiese en skreeusnaakse
2. liefdesverhaal vir tienerlesers is nie verniet een van die grootste topverkopers in Afrikaans die afgelope paar jaar nie.
3. Marzanne Odendal is ’n uitgesproke tiener wat daarvan droom om eendag ’n beroemde joernalis te word. ’n Ou is min of meer laaste op haar lysie van dinge waarin sy belang stel – sy gaan eendag rondom die wêreld reis op soek na opwinding en avontuur, sonder ’n jaloerse kêrel of ’n man en kinders wat haar by die huis hou.
4. Maar haar beste vriendin, Nadia, se kop is altyd vol muisneste. Sy is ’n kenner as dit kom by verlief wees. Sy glo as jy eers jou hart op ’n ou verloor het, is níks meer dieselfde nie – jou kleinboetie kry dit skielik nie meer reg om jou te irriteer nie, jy kry sommer lus en gee jou mees gehate onderwyser ’n drukkie en selfs jou Rice Krispies proe anders …
5. Marzanne, aan die ander kant, sal eerder kaalvoet deur ’n skeermes-lemmetjiefabriek stap as om beenaf te raak op iemand soos Armand Hattingh. Ouens soos dié rugbyheld met sy uitdagende glimlag en sy simpel idees oor Shakespeare is beslis nie haar idee van pret nie. Hy dink boonop die son skyn blokkies as hy op ’n tuinstoel gaan sit.
6. Maar toe Marzanne uit die bloute geheimsinnige e-posse van ’n anonieme digter begin ontvang, verander haar idees oor seuns (en die liefde) stadig maar seker …
7. Lesers se tone sal omkrul van lekkerkry terwyl hulle saam met die hardkoppige heldin probeer uitvind of liefde régtig jou Rice Krispies anders kan laat proe ...

## ***<u>Vrae</u>:***

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Voltooi: Die opskrif is die titel van ’n ... | (1) |
| 2. | Verduidelik wat die titel beteken. | (2) |
| 3. | Kies die antwoord(e) wat pas:<br>Hierdie verhaal ...<br>3.1 is humoristies.<br>3.2 is swaarmoedig.<br>3.3 is ernstig.<br>3.4 handel oor die liefde. | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 4. | Op watter leser is die verhaal gerig? | (1) |
| 5. | Is die sin in die eerste paragraaf ’n feit of ’n mening? Skryf net die woord neer. | (1) |
| 6. | Verduidelik: Marzanne is ’n uitgesproke tiener. | (2) |
| 7. | Soek ’n sinoniem vir ou in die leesstuk. | (1) |
| 8. | Dink jy Marzanne is avontuurlustig? Motiveer jou antwoord. | (2) |
| 9. | Hoekom hou Marzanne nie van ouens nie? Gee TWEE redes. | (2) |
| 10. | Watter groot verskil is daar tussen Marzanne en haar beste vriendin, Nadia? | (2) |
| 11. | Lewer kommentaar op Nadia se siening van die liefde. | (2) |
| 12. | Hoekom hou Marzanne glad nie van Armand nie? Gee twee redes. | (2) |
| 13. | Verduidelik wat die eerste sin in paragraaf 4 beteken? | (2) |
| 14. | Haal TWEE woorde uit die teks aan om te bewys dat Marzanne glad nie weet wie vir haar die e-posse stuur nie. | (2) |
| 15. | Voltooi: “Lesers se tone sal omkrul van lekkerkry” beteken dat hulle dit sal ... | (1) |
| | | 25 |

## ***Antwoorde:***

| | | |
|---|---|---|
| 1. | boek | (1) |
| 2. | Liefde laat jou anders / meer positief oor die liefde dink. OF<br>Liefde laat jou jou gewone, daaglikse roetine anders ervaar. | (2) |
| 3. | 3.1 is humoristies.<br>3.4 handel oor die liefde. | (2) |
| 4. | Die verhaal is op die tiener gerig. | (1) |
| 5. | Feit. | (1) |
| 6. | Sy is nie skaam om haar sê te sê nie. | (2) |
| 7. | kêrel | (1) |
| 8. | Ja. Sy wil graag reis om avontuur en opwinding te ervaar. OF<br>Sy wil ’n joernalis word om te skryf oor avontuur of opwindende gebeure. | (2) |
| 9. | Hulle kan jaloers wees of hulle kan haar tuis hou sodat sy nie kan reis nie. | (2) |
| 10. | Nadia hou van seuns, terwyl Marzanne hulle nie kan verdra nie. | (2) |
| 11. | Sy reken dat liefde jou die lewe meer positief laat sien. | (2) |
| 12. | Hy is ’n rugbyheld met simpel idees oor Shakespeare en ’n uitdagende glimlag. | (2) |
| 13. | Marzanne sal enige iets anders doen behalwe om verlief te raak op Armand. | (2) |
| 14. | “geheimsinnige”, “anonieme” | (2) |
| 15. | geniet | (1) |
| | | 25 |